VISUELE KUNSTE

Beste graad 12 Visuele Kunste-leerder
Dit is baie belangrik om dwarsdeur die jaar aan te hou met teken en te skep. Maak seker dat jy ten minste 2 – 3 keer per week in jou bronboek teken. Spandeer boonop **genoeg tyd per week** vir die waarneming en studie van /lees oor Visuele Kunste.

Vakvereistes
Jy het die volgende nodig:
- 'n Visuele Kunste-handboek
- 'n Bronboek
- Materiaal wat met jou gekose dissipline verband hou

Inhoudskontrolelys
Hieronder is 'n kontrolelys wat jy kan gebruik om te verseker dat jy al die werk vir Graad 12 voltooi het.

- **Onderwerp 1–Bronboek:**
  (10–12 uur per praktiese taak per kwartaal)
  Konseptualisering is die basis van die bronboek waar jy 'die storie vertel' van hoe jou kunswerke ontstaan, ontwikkel en gemaak is. Dit behoort deur middel van teken, skryf, navorsing en eksperimentering gewys te word.
- **Onderwerp 2–Die maak van kunswerke:**
  (18–20 uur per praktiese taak per kwartaal plus tyd na skool)
  Jy moet 'n gespesialiseerde praktiese opsie soos skilder, drukkuns, multi-media werk, ens. volg om jou voorgeskrewe aantal kunswerke te skep. Dit is belangrik om te streef na oorspronklikheid, kreatiwiteit en innovasie in jou kunswerke, terwyl dit ook 'n gevorderde graad van tegniese vaardighede in die gebruik van 'n verskeidenheid van materiale en tegnieke gekies toon.
- **Onderwerp 3–Visuele Kultuurstudies:**
  Jy sal VYF temas uit die volgende agt temas bestudeer (TWEE per kwartaal):
  1. Die stem van opkomende kunstenaars
  2. Suid-Afrikaanse kunstenaars wat deur Afrika en/of inheemse kunsvorms beïnvloed was
  3. Sosio-politieke kuns – insluitende Weerstandskuns van die 70's en 80's
  4. Kuns, kunsvlyt en geestelike werke hoofsaaklik uit landelike Suid-Afrika
  5. Multi-media en Nuwe Media – alternatiewe hedendaagse en populêre kunsvorms in Suid-Afrika
  6. Post-1994 demokratiese identiteit in Suid-Afrika
  7. Geslagskwessies: manlike en vroulike
  8. Argitektuur in Suid-Afrika

Jy moet 'n minimum van twee kunstenaars en twee kunswerke vir elke tema bestudeer. Vrae oor elke tema sal besaan uit visuele geletterdheid ('ongesiene' kunswerke) en inhoud wat bestudeer is. **Visuele geletterdheid** vorm die grondslag vir alle temas: daarom moet die studie van **spesifieke kunswerke** gebruik word om die historiese, politieke, sosiale en/of ekonomiese agtergrond van beskawings/style/kunsbewegings en individuele kunstenaars te verduidelik.

KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
TAAK 1 Teorie-toets 50 punte	**TAAK 3** Teorie-eksamen of kontrole-toets 100 punte	**TAAK 5** Teorie Proef-eksamen 100 punte	**TAAK 7.1** Teorie Vraestel 1 100 punte
TAAK 2 Prakties 1 Bronboek 100 punte	**TAAK 4** Prakties 1 Bronboek 100 punte	**TAAK 7.2** Prakties Vraestel 2 Bronboek 50 punte	**TAAK 7.2** Prakties Vraestel 2 Kunswerk 50 punte
TAAK 6: PAT (Retrospektiewe uitstalling): Dit is 'n uitstalling van jou werk waar die minimum vereistes Kunswerk 1 moet in kwartaal een afgehandel word en Kunswerk 2 in kwartaal twee. Jy behoort hierdie praktiese werk te ontwikkel en uit te brei na 'n samehangende en holistiese groep kunswerke gesien in die konteks van 'n uitstalling.			

PRAKTIES 1 Kunswerk	**PRAKTIES 2** Kunswerk	**PRAKTIES** **PAT: RETROSPEKTIEWE UITSTALLING** Verfyning, uitbreiding en ontwikkeling van temas in prakties 1 en 2 100 punte
TAKE 1 – 5 sal jou skool gebaseerde assessering (SGA) vorm (25% van finale punt)		
100 (SBA) + 100 (TAAK 6: PAT) + 100 (TAAK 7.2: PRAKTIESE EKSAMEN) + 100 (TAAK 7.1: TEORIE EKSAMEN) = 400 (TOTAL PUNTE)		

Wenke vir sukses

- Wees kreatief, innoverend en eksprimenteer met verskillende media en tegnieke. Geniet wat jy doen en streef altyd na 'n persoonlike interpretasie van 'n projek. Wees 'n kreatiewe risikonemer.
- Raak **visueel geletterd**! Wees bewus van en bestudeer die diverse rolle en funksies van visuele kuns in die hedendaagse lewe, asook in verskillende tye en kulture. Dit behoort deel van jou alledaagse lewe te wees!
- Onthou dat 'n groot deel van die teorie vraestel jou vermoë om ongesiene kunswerke te analiseer sal toets.

SKANDEER MY!
Visuele Kunste Oorsig

Teorie-opsommings
https://wcedeportal.co.za/eresource/69691

Graad 12 Teorie Studiegids
https://wcedeportal.co.za/eresource/202181

Voorbeelde van leerders se bronboeke en kunswerke
https://wcedeportal.co.za/eresource/202901